# DIE SKIETLOOD

177ste Uitgawe 17 April 2020
saam met Koersvas 177

## Die Dordtse Leerreëls

**Inleiding**

Die uitverkiesingsleer kan 'n struikelblok wees in enige gesprek. Die gesprek en die latere twis wat tot die sinode van Dordrecht aanleiding gegee het, het ontstaan by teenkanting teen die leerstelling rakende absolute dekrete en het oorgeloop na die domeine van antropologie (leer oor die mens) en soteriologie (leer aangaande die redding). Daar was met ander woorde verskillende temas wat onder die loep geneem is. Dit het begin by 'n sekere verstaan aangaande absolute dekrete ("God is almagtig, alwetend" en dies meer) wat hierdie dekrete in elke konteks en teologiese gesprek absoluut wou laat. Hoe waar die stellings ookal mag wees, wanneer ons oor die mens praat, is daardie eienskappe van God nie van direkte belang nie.

Ons moet in ons denke die verskillende leerstellings in eie reg hanteer. Die uitdaging is na die een kant toe om die leerstukke nie te verwar of te vermeng nie, maar na die ander kant toe om hulle nie so te stel dat hulle ander leerstellings betwis of ondergrawe nie. Teologiese gesprek vereis van ons om akademies gedissiplineerd sake opsigself in oënskou te neem en elke saak afsonderlik te beredeneer.

In die bespreking aangaande die NGB was daar in die artikel 16 eksegese 'n verduideliking gewees wat hier herhaal word as inleiding tot die gesprek wat gevoer moet word. *Die boom-metafoor kan gebruik word om die benadering te verduidelik: Die boom van die lewe in die middel van die tuin is die voorwerp van ons ondersoek. Ons as mense is na die sondeval van die tuin uitgesluit en mag net aan die rand van die tuin beweeg, nooit in die tuin ingaan nie. Ons sien gedeeltelik en daar is baie wat ons nie verstaan nie. Die uitverkiesingsleer is een so 'n saak. Ons moet wag tot die wederkoms alvorens ons in die koele lafenis van die boom mag rus en alles sal verstaan. In ons beweeg om die boom, kan ons net een perspektief op 'n slag verkry en beskryf. Sekere sake is duidelik en direk sigbaar. Ander sake is op die periferie en kan skaars gesien word. Dan is daar sake wat agter die boom is en geensins gesien kan word nie. Dit maak nie dat daardie sake nie belangrik is of nie bestaan nie. Dit maak net dat daardie sake vanuit 'n sekere perspektief nie in sig is nie. Dit is ook nie moontlik om in dieselfde asem sake vanuit een perspektief te beskryf en daarmee saam die ander perspektief te beskryf nie. Die tuin is te groot en ons moet in ons denke ver beweeg voordat ons die ander perspektief in fokus kan kry. Soms weet ons nie eens wat vanuit die ander perspektief daar is nie, soms weet ons, en soms spekuleer ons.*

*Die uitverkiesingsleer is een so 'n perspektief. Wanneer ons oor die uitverkiesingsleer dink, is daar 'n paar sake wat baie prominent in oënskou kom. Ons moet al hierdie sake met erns bejeën. Daar is ander sake wat totaal buite sig is. Ons moet nie nou ongeduldig raak of probeer ekstrapoleer of spekuleer oor daardie sake nie. Ons aandag kan met ander woorde nie verskuif na sake soos keuse en*

*menslike verantwoordelikheid nie. Daardie sake is geensins sigbaar vanuit die uitverkiesing perspektief nie. Dit beteken nie dat daardie aspekte nie bestaan nie en ook nie belangrik is nie. Dit beteken net dat daardie sake nie hier ter sprake kom nie. Om vanuit die uitverkiesingsperspektief na die boom van die lewe te kyk, beteken dat jy net God en God se handeling sal raaksien. Sou ons besluit om vanuit 'n ander perspektief na die boom te kyk, is dit moontlik om na 'n saak soos menslike keuse te kyk. Vanuit daardie perspektief sal die uitverkiesingsleer nie in sig wees nie. Tog moet ons stel dat die uitverkiesingsleer van groter belang is omdat dit oor God en God se eer handel. Calvyn stel tereg dat dit nie moontlik is om alles te weet of te verwoord oor die uitverkiesing en die predestinasie nie. Die een saak wat egter duidelik is, is dat geloof 'n voorwaarde is tot enige nadenke of gesprek oor die saak. Mense kan in kwaadwillige ongeloof poog om die Evangelie groot skade aan te doen. Sonder geloof sal ons nooit kan besef nie dat God in ryke barmhartigheid ons in Sy groot liefde roep tot saligheid en die ewige lewe. God betaal geen loon nie, skuld niemand iets nie. Enige fokus op die mens, enige klem op die mens of sy verdienste, word uitgesluit deur die wese van die uitverkiesingsleer. Om dit baie duidelik te stel, die uitverkiesingsleer fokus op God en God se regverdige handeling. Die effek van God se handeling het inderdaad 'n impak op die mens. Die uitverkiesingsleer wil egter nie die mens se aansprake en handelinge as teenpool tot God se genadige optrede stel en dan die twee in wisselwerking met mekaar bring nie.*

Die belang van verskillende perspektiewe wat afsonderlik beredeneer word, kan vanuit twee voorbeelde verduidelik word. Die eerste is die Deïsme se standpunt en die tweede is die interne gegewens in die Bybel. Wat betref die Deïsme; die Protestante het met reg die gedagte dat God die skepping daargestel en toe verlaat het, verwerp. God is betrokke by die skepping op verskillende maniere. 'n Verkeerde verstaan van Voorsienigheid kan as Deïsme interpreteer word. Wat betref die Bybel self; Ons lees in Genesis 6:5-6 "*Toe die Here sien hoe groot die verdorwenheid van die mens op aarde is en dat hy sy lewe lank net slegte dinge bedink, was die Here bedroef daaroor dat Hy die mens op die aarde gemaak het. Dit het Hom diep gegrief*." Voorsienigheid en iets wat God grief, kan nie maklik saam verstaan word nie. Waarom iets skep wat jy weet jou gaan grief? God se interaksie met die skepping en skepsels is baie meer kompleks as enige verduideliking of antwoord wat in hierdie voorbeeld gegee kan word.

Ons moet ook die ontstaantyd van die Dordtse leerreëls in ag neem. Ons kan nie meer onsself in hulle situasie indink nie, wat nog te sê op die spoor van hulle denkpatrone redeneer. Ons wêreld is radikaal anders as die een waarin hulle geleef het, ons perspektief sluit iets van hulle denke in, maar ons verstaanshorisonne het verbreed en verskuif. Al onderskryf ons steeds dit wat hulle gestel het, moet ons dit totaal anders verwoord as wat hulle dit gedoen het. Ons moet deur 'n proses van

eksegese eers agter die byl-kap van hulle denke kom, om dan in eietydse terme dieselfde te kan bevestig. Wanneer die Bybel stel dat die aarde op vier pilare gegrondves is, interpreteer ons dit in die lig van ons huidige kennis aangaande die kosmos en God. Die boodskap bly dieselfde, dit word net totaal anders verwoord. Daar is baie sake, vele perspektiewe wat verander het, denk afstande wat logaritmies eerder as kronologies gegroei het. Dit is veranderings in tegnologie wat die sigbare wêreld ook meer verander het as wat normale tydverloop impliseer. Omwentelings soos die industriële revolusie het spronge in verandering gebring. In die gesprek met die Dordtse leerreëls sal verskillende sake onder die loep geneem moet word. Dit impliseer dat ons ook filosofies na sake sal moet kyk. Die eerste van die sake wat ons sal moet herevalueer is ons verstaan van tyd.

Vir baie lank (om 'n tydsbegrip te gebruik) was tyd as 'n eie entiteit verstaan. As 'n dimensie wat veral in terme van liniêre denke benader moet word. Tyd se lengte het in mense se denke gegroei, maar nie verander nie. Honderde jare het duisende jare en later miljoene jare geword - steeds in 'n lyn van tyd wat van ver terug deur na die toekoms getrek kan word. Filosofiese denke het nuwe perspektiewe na vore gebring en sake soos potensiële tyd, gerealiseerde tyd en vele ander konsepte het ons horisonne verander. Daarmee saam het die verstaan gekom dat tyd eintlik aan ruimte gekoppel moet word en nie as entiteit op sigself verstaan kan word nie. Die dimensie van tyd het verander na die dimensie van tyd-ruimte. Hierdie bespreking het nie ten doel om in 'n filosofiese spekulasie te verword nie. Tog is dit belangrik dat ons sal raaksien dat ons nie 'ewig' dieselfde verstaan as wat die sinode te Dordrecht dit verstaan het nie. Ons kan nie met ons denk-horisonne die bewoording net so aanvaar en herhaal nie.

Ons kan onsself (met baie inspanning) indink dat daar 'n bestaan buite die tyd-ruimte dimensie moontlik is. Die teorie van die oer-knal het ons ontvanklik gemaak vir die konsep dat daar 'n situasie was waar daar geen tyd of ruimte of materie was nie. Ons kan onsself indink dat daar 'n bestaan is wat nie gebonde is aan die tyd-ruimte of materie wat ons ken nie. Waar ons voorvaders Genesis 1 verstaan het as dat daar verby die begin 'n tydslyn getrek kan word, en na die wederkoms 'n oneindige lyn is, kan ons met abstrakte denke 'n alternatief postuleer sonder tyd en ruimte, buite tyd en ruimte.

Enige interpretasie van die Dordtse leerreëls wat die talle slaggate wil vermy, kan tog poog om te fokus op basiese beginsels wat die teologie onderlê. Anders gestel, in ons lees van die teks kan ons gaan soek na die teologiese beginsels wat aangedui word, en daardie beginsels dan in eie taal en konteks verwoord. Dit beteken dat Dordt se teks nie sin vir sin interpreteer moet word nie, maar minstens paragraaf vir paragraaf. Elke paragraaf gaan vervolgens ondersoek word en die basies beginsels aangedui word. Lesers word verwys na die Diensboek, enige groot KerkBybel of elektroniese bron soos https://www.geloofsbond.org.za/so-glo-

ons/belydenisskrifte/dordtse-leerreels.
vir die basiese teks van die Dordtse leerreëls.

In hierdie uitgawe van Die Skietlood gaan die voorwoord (Paefatio) van die Dordtse leerreëls gegee word. Die voorwoord is nie amptelik deel van die manuskrip nie, en tog kan ons heelwat wys word uit dit wat daar staan. Die vertaling wat aangebied word, is 'n eie een uit die Engels met vele verwysing na die amptelike Latynse teks. Die sinskonstruksies gaan nader aan die amptelike Latynse teks bly, wat maak vir skynbaar lomp formulering.

*"Voorwoord*
*In die naam van ons Here en Redder Jesus Christus. Amen.*

*Onder die baie - wat die Here en ons Redder Jesus Christus aan Sy strydende kerk in hierdie moeisame pelgrimsreis gegee het - troos-gedagtes wat Hy gegee het, is daar een wat met meriete gevier word, wat Hy met sy gaan na sy Vader in die hemelse heiligdom agtergelaat het: Kyk, Ek is elke dag met julle tot aan die voleinding van hierdie era. Die waarheid van hierdie allersoetste belofte skyn die kerk van elke tyd. Sy (die kerk) is nie alleen aangeval deur die openlike geweld van vyande en die skynheiligheid van die ketters nie, maar ook deur die interne geheime slinksheid van verleiers. Inderdaad, as die Here haar ontneem het van die beskerming van die reddende belofte van Sy teenwoordigheid, sou die mag van tiranne haar onderdruk het, of die bedrog sou haar na die dood verlei het (die vernietiging bewerkstellig het). Maar die goeie Herder het Sy kudde konstant liefgehad, hulle vir wie Hy sy lewe gegee het. Hy het altyd op die regte tyd met Sy regterhand gereeld openlik en wonderbaarlik die woede van vervolgers terug gehou. Die bedrieërs (verleiers) se krom (verdraaide) weë het Hy beëindig en hulle verraderlike planne laat verdamp. Hy het elke keer Sy teenwoordigheid in die kerk gedemonstreer. Duidelike bewyse van hierdie waarheid is opgeteken in die anale van die vroom keisers (imperatorum) konings en prinse, wat die Seun van God so baie male vir die ondersteuning van Sy kerk na vore laat kom het. Aangevuur deur 'n heilige ywer vir Sy huis, het hulle die woede van die tiranne in bedwang gebring (geblok). Wanneer die kerk moes veg teen vals leraars en diegene wat op verskillende maniere godsdiens vervals, het hulle die heilige sinodes voorsien as steun. In hierdie sinodes het getroude dienaars van Christus saamgespan in gebed, raad en arbeid vir die kerk en die waarheid van die Here vas en onbeweegbaar saamgestaan. Hulle het die predikante (ministris) van Satan teengestaan, getransformeer as engele van die lig, het hulle die foute en sade van onmin teengestaan, die kerk bewaar in die harmonie van suiwer godsdiens, en suiwer diens aan God (regte aanbidding van God) aan die nageslag onbevlek oorgedra.*

*Met dieselfde goeie guns het ons Redder (Bewaarder) Homself in Sy genadige teenwoordigheid getoon aan die Belgiese (Nederlandse/ Hollandse) kerk wat vir baie jare geteister (negatief geaffekteer) is. Hierdie is die kerk wat deur die magtige hand van God bevry is van die tirannie van die Roomse*

*Antichris en die verskriklike pouslike afgodery. Dit (die kerk) is gedurende die lang oorlog baie maal wonderbaarlik bewaar. In ware leer (doktrine) asook gedissiplineerde harmonie in die lof aan God het dit gefloreer, ook tydens die bewonderenswaardige groei van die Republiek, tot die vreugde van die hele Reformatoriese wêreld. Jacobus Arminius en sy volgelinge, genaamd Remonstrante, het haar (hierdie kerk) met verskeie foute; sommige oud, sommige nuut, eers privaat en toe openlik aangeval. Skandalige ongehoorsaamheid en hardkoppige onstuimige skeurings het tot so 'n erge verdeling gelei, dat selfs 'n florerende kerk, was dit nie vir die ingryping van ons Bewaarder op die regte tyd nie, sou neerdaal in die verterende vuur van aller ellendigste stryd en skeuring.*

*Geseënd in ewigheid is die Here, wat vir 'n oomblik Sy gesig van ons (wat op baie maniere Sy woede en ontevredenheid {indignationem} geprovokeer het) verberg het. Hy het aan die hele wêreld gewys dat Hy nie Sy verbond vergeet nie en nie die versugtinge van Sy mense verwerp nie. Toe dit geblyk het dat daar geen hoop op menslike genesing is nie, het Hy die roemryke en magte State-Generaal se denke geïnspireer, saam met die raad en rigting van die roemryke en magtige prins van Oranje, om daardie wettige middele te gebruik wat die Apostels self gebruik het. Die gebruike wat oor 'n lang tydperk deur die voorbeeld van die Christelike kerk ingespan is en met groot vrug in die (Belgiese) Nederlandse kerk gebruik is. Die burgerlike regeerders het besluit om die woede voor hulle aan te spreek deur te verklaar dat daar onder hulle gesag 'n sinode uit al hulle provinsies Dordrecht saamgeroep sal word. Op hulle versoek het hulle ook baie belangrike teoloë bekom deur die guns van die mees geëerde en magtige koning van Brittanje Jacobus (James), en ook vele ander roemryke prinse, hertogte en republieke. Deur die gemeenskaplike oordeel van so baie bedrewe Reformatoriese teoloë, sou die leringe van Arminius en sy volgelinge akkuraat geoordeel word, en dit net uit die Woord van God. Ware lering (doktrine) bevestig (vasgemaak) en vals lering verwerp - sodat die Belgiese (Nederlandse) kerk in harmonie, vrede en rustigheid - deur Goddelike seën - herstel word. Dit is hierdie Goddelike seën waarin die Nederlandse kerk hul verheug. Hulle erken nederig die vele weldade en meelewing van hulle getroue Redder, en verkondig dit alles dankbaar.*

*Hierdie geëerde Sinode het derhalwe (die gesag van die hoogste magistrate het gevra vir die volgende, en ook verseker dat dit plaasgevind het - om die woede van God af te weer en Sy genadige hulp af te smeek; gebedsbyeenkomste, vas en eredienste in al die Nederlandse kerke) in die naam van die Here Dordrecht byeen gekom aangevuur deur liefde vir die Goddelike wil en die heil van die kerk. Nadat hulle die naam van die Here aangeroep het, het die sinode deur 'n heilige eed homself daartoe verbind om as enigste maatstaf vir oordeel aan die Woord van die Here vas te hou, en om tydens die gebeure met begrip op te tree en te oordeel met 'n goeie en eerlike gewete. Dit alles sou hulle doen met nougesette getrouheid. Die sinode het hom daartoe verbind om met baie geduld die*

*voorstanders van daardie standpunt te oortuig om met deeglikheid hulle oortuiging oor te dra en die vyf punte van leerstelligheid ten volle uit te lê en hulle aanhang te motiveer. Maar toe hulle die sinode se oordeel verwerp het en geweier het om die sinode se vrae te beantwoord, kon nog die waarskuwings, nog die bevele van die afgevaardigdes van die genadige State-Generaal maak dat daar met hulle vordering kon wees. Op bevel van die here (State-Generaal) was die sinode geforseer om 'n ander weg te volg, 'n weg wat deur gebruik uit die antieke sinodes ontvang is. Die sinode het derhalwe hulle lering aangaande die vyf punte ondersoek; dit is gedoen uit hulle geskrifte, hulle belydenisse, verklarings en ander wat voorheen verskyn het, maar ook die stukke wat deur hulle vir die sinode voorberei is. Deur die enkele genade van God, met groot toewyding (toespitsing), geloof en gewete het hierdie sinode die absolute konsensus van ieder en elk gekry tot eer van God. Dus, vir die integriteit van die waarheid van redding, die vreedsaamheid van gewete, en die vrede en welwese van die Nederlandse kerk het die sinode besluit om die volgende oordeel te promulgeer (uit te vaardig). Deur hierdie oordeel het dit beide die ware oortuiging verklaar (wat in ooreenstemming is met die Woord van God en die voorheen vermelde vyf punte van lering) en die valse lering verwerp wat teenstrydig is met die Woord van God."*

In die volgende *Die Skietlood* sal ons die uiters komplekse uitdaging van die teks van die Dordtse leerreëls begin ondersoek.